



Ons Vader

In Die Skietlood 96 is gehandel met gebed as 'n algemene saak. Daar is reeds verwys na die modelgebed. In die volgende paar aflewings sal ons aandag skenk aan die modelgebed. Voor ons na die modelgebed self kyk, is daar nog 'n paar algemene opmerkings wat gemaak moet word.

Dit is die volk van God wat in gebed tot God nader. Dit is duidelik dat gebed begin met 'n aanhef wat verwys na "ons" Vader. Jesus het wel hierdie Vader 'n persoonlike "ABBA" gemaak, maar die volk Israel het reeds na God verwys as Vader. Dit is met ander woorde in lyn met die Ou Testament om na God te verwys as Vader. Die "ons" wat ter sprake is, is met ander woorde Israel, oud en nuut.

Hierdie hemelse Vader is anders as aardse vaders, want ons kan herhaaldelik voor Hom verskyn, elke keer weer bid. God raak nie moeg vir ons, ons gebede of ons smekinge nie. Volharding in gebed is 'n gehalte eie aan mense wat voor die Vader verskyn. Ons moet net onthou dat ons in gebed met die Heilige van alle tye kommunikeer. Hierdie HERE is liefde en dit is binne die ruimte van sy Liefde dat ons telkens tot Hom kan nader. Juis daarom sal ons in ons harte onderneem om te jubel in die Here, ons sal Hom wil gehoorsaam en Hom dien.

Gebed verander in die eerste instansie die hart van die een wat bid. Ons beweeg van selfgesentreerdheid en selfsug na fokus op God met 'n hart wat

wil dien en wat soos 'n aangename wierook voor God wil wees. Dit beteken dat die eerste verandering wat in ons harte plaasvind, is dat ons gevul sal word met berou. Dit is die hart vol berou oor eie opstandigheid en sonde wat weet dat dit net by die Vader is waar daar hoop en vergifnis ontvang kan word. Die hart sonder berou sien gebed as 'n magspel.

Juis die feit dat ons nou die modelgebed gaan behandel, maak dit belangrik om aan te toon dat ons alle vorme van formalisme moet vermy. Ons moet nie formalisme in terme van plek, tyd, lengte of inhoud toelaat nie. Formalisme beteken dat ons gefokus is op die tyd, die plek of die vorm van die gebed, soveel so dat ons fokus eksklusief daarop is. Dit lei telkens ook tot meganiese gebed. Ons bid die mooi gebede, sonder om self betrokke te wees in hart en siel. Daarteenoor is dit duidelik dat gebed van ons vereis dat ons intens sal konsentreer, met toewyding sal bid en met ons hele wese sal instaan by gebed. Die mens wie se gevoelens in 'n warboel is, kwalik reg vir gebed. "Kan jy jou hart en denke fokus, rigting gee, kan jy konsentreer?" Die mens wat nie weet wat om te dink nie, weet nie wat om te bid nie.

Gebed begin by God. Ons gebede moet in die eerste instansie aan God sy volle plek gee. Met ander woorde, ons moet erkentlik teenoor God wees. Die eerste drie bedes van die modelgebed fokus op God. Om te waak daarteen dat ons so self-gesentreerd raak dat

ons gebede een lang versoeklys word, moet ons aan God alle eer gee. Nie om daardeur God dan heuning om die mond te smeer dat hy ons sal gee wat ons vra nie. Dit gaan om God se eer, en ons bede moet duidelik uitdrukking gee aan hierdie eer. Daarmee saam sal ons in ons bede opnuut besef met Wie ons eintlik besig is en dit sal dan ons gebede stuur en temper. Gebed vind in 'n sirkel plaas. God is die middelpunt. Indien God in die middel is, sal die sirkel goed (gebalanseerd, proporsioneel korrek) wees met die middel waar Hy hoort en sal die sake aan die rand (ons behoeftes) tog ook op die regte plek tot hulle reg kom.

Die drie sake wat in die bede aan die orde kom rakende ons behoeftes, is daaglikse kos (ons hede), vergifnis (ons verlede) en ons pad van toewyding (ons toekoms). In hierdie kort gebed leer Jesus ons met ander woorde dat die volle spektrum van ons menswees tog in gebed aangespreek kan word. Dit is net belangrik dat gebed op die regte plek sal begin. Ons begin by God. Daar is 'n gedagterigting wat in die laaste drie bedes die Triniteit terugvind. Ons bede vir die hede is rondom kos en dit is iets wat ons van die Vader Skepper Here vra. Ons bede rondom ons verlede sentreer rondom vergifnis van sonde en dit is iets wat ons soek by die Verlosser Here Jesus Christus. Ons bede rondom die toekoms gaan oor versoeking en die ewige lewe en dit is die Trooster Here Heilige Gees wat as Parakleet ons lei op die pad na saligheid.

Ons bede aan "ons Vader" verwys na 'n spesiale verhouding tussen ons en die Eerste Persoon Skepper. Ons

spreek 'n besondere Vader aan. Hierdie verwysing na 'n Vader is nie 'n biologiese feit nie. Om 'n Vader te wees, vra baie meer as net om 'n kind te kan verwek, vra maar enige weeskind.

Om God as Vader aan te spreek, is 'n verwoording van die sekerheid dat God naby aan ons is. Daarmee saam spreek ons 'n oortuiging uit dat God genadig is en sal wees in sy oordeel. 'n Vader is genadig teenoor sy kinders, God ons Vader is altyd bereid om die berouvolle hart by Hom te ontvang. Ons moet onthou dat God ook die regter is en bly. Enige persoon wat van ons Vader 'n soetsappige poplap-pappie wil uitmaak wat alles toelaat, verstaan nie dat God werklik as Vader omgee nie en dat God ons heil op die hart het. God vergewe alles, maar laat nie alles toe nie. Dit is waarom dit nodig is om met 'n hart vol berou na ons Vader te gaan en dit is waarom ons moet strewen daarna om gehoorsame kinders te wees. God as Vader beteken nie dat ons 'n lisensie tot 'n sondige lewe het nie, maar dat ons 'n verantwoordelikheid het tot liefdevolle gehoorsaamheid.

Paulus stel dat ons onself as intieme kinders kan verstaan wat dieselfde "Abba" – Pappie op ons lippe kan neem; Romeine 8:15 "*Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader.*" Galasiërs 4:6 "*En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!"*"

*Dit beteken: Vader!* Dit beteken nie dat ons God nou sondermeer as Pappie kan aanspreek nie. Dit gebeur te gou dat sommige mense hierdie gedeelte verstaan as die mens se reg om 'n spesiale troetelnaampie vir die Vader op hulle lippe te neem. God is in die hemel en ons op die aarde. Die punt van God as "Abba" het te make met die gevoel van koestering en veiligheid wat God as Vader gee. Ons kan absoluut op God vertrou. Die grondteks maak dit duidelik deur "Abba" en "Pater" saam te gebruik. Die raakpunt is dus dat ons soos klein kinders in absolute afhanklikheid in veiligheid en met vertroue tot God mag nader. God gee ons deur sy Gees hierdie versekering. Ons kan in die versekering lewe dat God omgee. Om God as Vader aan te spreek, is om te bely dat God omgee. In liefde het God besluit om ons Vader te wees. Ons verdien dit nie.

God se liefde as Vader maak dat ons in Lukas 12:6 lees: *"Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie"*. Die normale prys was twee mossies vir 'n stuiwer, en indien jy bereid is om twee stuiwers te betaal, kry jy 'n winskoop, 'n vyfde mossie verniet. En tog is God besorg oor selfs daardie verniet mossie. God is oor ons volle menswees besorg, selfs dit wat menslik van geen waarde geag word nie. Net so ken God elkeen van ons by ons naam. Ons lees in Psalm 139 dat God ons reeds voor geboorte al geken het. Al is daar mense wat dink dat jy nie belangrik is nie, al dink jy self dat jy nie belangrik is nie, die Skepper ken jou by jou naam en gee jou die reg om

Hom Vader te noem. Paul Tournier, 'n beroemde dokter en berader, vertel dat hy oortuig was dat die geslagsregisters in die Bybel oorbodig is, totdat hy besef het dat hierdie registers ook simbool is van oneindige lyste van mense wat God elkeen by naam geken het.

Die bede "wat in die hemel is", is tegelyk troos en vermaning. Ons troos is dat ons Vader in die hemel is, dat Hy met ander woorde Almagtig is. Dit maan ons ook om te besef dat Hy steeds God bly.

God se hemel is God se ruimte. Ons kan net bely dat God in die hemel is, sonder dat ons daardie werklikheid kan beskryf. Ons weet wel dat die hemel die ruimte is wat deur Jesus Christus vir ons voorberei word. Ons Vader is in hierdie ruimte en tog ook by ons. Ons kan met alles op Hom vertrou.

Heidelbergse Kategismus:

Vraag 120: Waarom het Christus ons beveel om God as ons Vader aan te spreek?

Antwoord: *Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek. Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het, en dat Hy ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê.*

Vraag 121: Waarom word hier bygevoeg: wat in die hemel is?

Antwoord: *Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het.*